Blaai na die volgende bladsy, asb.

# Hoofstuk 4

# Hercules desPrez (a) (1645 – 1695)

## Oriëntasie

Hercules des Prez, sy vrou Cecilia d'Athis en hulle ses kinders kom in 1688 in die Kaap aan.

Hulle het aanvanklik gewoon in Kortryk (Courtrai) in België wat destyds deel van Frankryk was. Vandaar gaan hulle na Vlissingen in Nederland en vertrek na die Kaap in 1688.

Hulle was deel van die verhuising van die Franse Hugenote na die Kaap. Daar is nie 'n aanduiding dat hulle persoonlik as gevolg van hulle geloof vervolg is nie. Hulle was egter Protestante en hul verhuising hou verband met 'n tyd waarin vervolging van Protestante plaasgevind het.

Hulle vestig hulle op die plaas De Zoete Inval wat by die Paarl geleë is. Hercules is omstreeks 1695 oorlede in die ouderdom van nagenoeg 50 jaar. Sy vrou oorleef hom vir ongeveer 25 jaar en word nagenoeg 70 jaar oud. Sy het c. 1700 met Pierre Dumont getrou en was teen 1716 weer 'n weduwee. Cecilia het voortgegaan met die boerdery en dit het ontwikkel tot 'n taamlik welvarende boerdery.

| In hierdie hoofstuk |
|---|
| Hercules en Cecilia |
| Elizabeth – bl. 54 |
| Hercules jr. – bl. 57 |
| Marie-Jeanne – bl. 62 |
| Francois-Jean – bl. 66 |
| Jacquemine – bl. 67 |
| Philippe - bl. 71 |



Die Hugenote monument in Franschhoek



Marietjie du Preez by die Du Preez gedenknaald op De Zoete Inval

## Erkenning


Die genealogiese gegewens oor die Du Preezs in Suid-Afrika is nagevors deur mnr. M H C (Thys) du Preez en die jongste publikasie van die gegewens verskyn in 'n boek *Die Familie Du Preez in Suid-Afrika*[1] In die boek verskyn 'n breedvoerige bespreking van die eerste Du Preez gesin. ('n CD van die boek kan ook aangekoop word.) Die gesin word ook bespreek in die boekie "*Hercule des Prez en sy Gesin*"[2] deur mev. Juna Malherbe. Daar word in hierdie hoofstuk, met dankbaarheid vir die werk wat reeds gedoen is, van die twee bronne gebruik gemaak.

© R. J. du Preez 

## Genealogiese gegewens

a **DES PREZ (DES PRES), Hercules (Hercule)**: *c. 1645[3]; †Drakenstein, De Zoete Inval[4] c.1695[5]

x Artois Frankryk c. 1669[6]: **D'AHTIS (DATIS/DATIJS), Cecilia (Cecile)**: *Frankryk c. 1650[7]; †Drakenstein, De Zoete Inval 15.11.1720[8]; # Binne tweede kerk van Drakenstrein (Paarl)[9].
[Cecilia d'Athis -
xx c. 1700[10]: **DUMONT, Pierre**: †3 Augustus 1716[11]. ]



Cecilia se handtekening op Hercules se Inventaris in 1696. Sy het haar naam telkens anders geteken aan die Kaap: Cecilia Datijs, Cesyllea Datis en Cezyllea F H Datys

Du Preez beteken "van die weiland" (weiveld). Van der Weyde en Van Velden is Nederlandse vorme van die familienaam.[12] Die van word op verskeie wyses gespel en die stamvader het dit Des Pres en Des Prez gespel.
Daar het verskeie spelwyses in Suid-Afrika voorgekom en daar is nou nog van die nageslag wat die Du Pre spelwyse gebruik. Van die spelwyses mag net die gevolg van spelfoute deur kerklike ampsdraers en amptenare wees, soos byvoorbeeld De Pree, De Preez, Du Pree, ens.

## In Europa en op pad na die Kaap

Hercules is omstreeks 1645 gebore en hy trou toe hy nagenoeg 24 jaar oud was c. 1669 met die 19-jarige Cecilia d' Athis.

Hercules en Cecilia het aanvanklik in die noordwestelike Franse streek Artois te Kortryk (Courtrai), in die huidige België, gewoon waar hy blykbaar as kleremaker gewerk het. Volgens die doopplekke van hul kinders het hulle in die gebied rondgetrek.

Hulle kinders is almal in die destydse Franse Koninkryk gebore en was tussen ongeveer 18 en 7 jaar oud toe die gesin in die Kaap aankom.




**Kaart nr. 1: Plekke van herkoms van die Du Preezs**

Die Du Preez-gesin se woon- en werkplekke was Bethune, Lille, Menin en Kortrijk in die Artois-streek van die destydse Frankryk.

Hulle verlaat die Artois-streek en was in 1686 in die stad Vlissingen in Zeeland, Nederland. Cecilia se broer Nicholas d'Athis was saam met hulle daar en hy was blykbaar ook 'n kleremaker. Hy en Hercules het saam aansoek gedoen om toelating tot die St. Jansgilde van kleremakers in Vlissingen. In die aansoek word gemeld dat Hercules en sy swaer Nicolas d'Athis uit die Pousdom aangekom het en na die gereformeerde godsdiens oorgegaan het. Hulle kan kwalik die koste van toelating dra en Hercules is "belast" met 'n vrou en ses kinders.

## Die Schelde

Die Schelde was 'n "Jacht" van 733 metrieke ton wat in 1686 gebou is. Dit vertrek op 19 Februarie 1688 vanaf Wielingen en vertoef aan die Kaap vanaf 5 Junie 1688 tot 1 Julie 1688. Dit kom op 16 September 1688 in Batavië aan. Van die 29 passassiers wat in Nederland aan boord gegaan het, het nie een op die reis na die Kaap gesterf nie en het 27 in die Kaap gebly. (GenForum e-pos van didi@duplessis.demon.nl van 26.4.2002)


Daarom versoek hulle om weens hulle "behoeftigheijd" sonder die gewone koste toegelaat te word tot die St. Jansgilde. Hulle is toegelaat as "poorters en borgers" mits hulle die voorgeskrewe eed aflê en tot die arbeidsgilde as hulle die nodige gelde sou betaal[13].

In Vlissingen word Hercules en Cecilia lidmate van die Franstalige Waalse gemeente. Nie lank voor hulle vertrek uit Vlissingen nie, is 'n attestaat aan hulle uitgereik op 11 Februarie 1688. In die attestaat word verklaar dat hulle gelowige Protestante was wat 'n vroom lewe geleef het. Hulle word bekendgestel aan ander kerkleiers om hulle in 'n gemeente te aanvaar.

Hercules, Cecilia en hulle ses kinders vertrek in Februarie 1688 uit Nederland en reis met die skip *De Schelde* na die Kaap. Agt dae na hul vertrek uit Nederland het die skip byna in 'n storm vergaan. Hulle doen by Kaap Verdiese Eilande aan om water en voorraad in te neem. Vyf dae voor hulle aankoms in Tafelbaai was hulle weer in 'n hewige storm. Die skip kom op 24 Mei 1688 in Tafelbaai aan, maar hulle gaan eers op 5 Junie 1688 aan wal.

Die Prevots (Provosts) het op dieselfde skip gereis. Die 38-jarige Charles Prevot, sy vrou Marie le Febre (Fevre) en vier kinders gaan ook op 5 Junie 1688 aan wal. Hul dogter Elizabeth (Isabeau) trou later met Hercules se seun Philippe en hul seun Abraham met Hercules se kleindogter Anna van Marseveen.

# Op De Zoete Inval




**Kaart nr. 2: Benaderde ligging van De Zoete Inval**[14]

In die regterkantse boonste hoek is Ceciliasdrif deur die Bergrivier wat waarskynlik na Cecilia D'Athis venoem is. Kyk ook na die woongebiede Courtrai en De Zoete Inval. Paarl se stasie is ook suid van die N1 en naby die gedeelte van De Zoete Inval waarop steeds geboer word.

Dit is vir ons kwalik moontlik om ons in te dink in die omstandighede waarin die Hugenote hulle aan die Kaap moes vestig. Hulle is net die noodsaaklikste bagasie toege-laat op hul reis vanaf Nederland. Aan die Kaap is hulle met waens van die Kompanjie (VOC) vervoer na hulle aangewese plase van nagenoeg 60 morge. Hulle is, volgens die owerheid se beleid, geplaas tussen (Hollandsprekende) vryburgers om assimilasie te bevorder. Baie van die plase was egter nie geskik vir die boerdery nie en hulle predikant, ds. Pierre Simond, versoek dat hulle vir hulle elders plase mag soek. Die versoek is, met bepaalde voorwaardes, goedgekeur.

Aan die Kaap is landbou- en bougereedskap aan hulle uitgereik waarvoor hulle later moes betaal. Hulle moes vir hulle huisvesting bou, wat meesal tak- en modderhuisies met grasdakke was. Hulle moes die grond gereed maak en bosse en wortels verwyder om landerye te maak. Aan die begin het hulle nie oor ploeë en osse vir die doel beskik nie. Daar was aan die begin nie geld vir die bekoming van arbeid om hulle te help nie. Daar was leeus, luiperds, hiënas, wildehonde, jakkalse en bobbejane wat die boere en hulle vee bedreig het. Hulle klere kon hulle op krediet kry by die VOC. Aan die begin was daar rantsoene van skeepsbeskuit, droë ertjies en soutvleis uitgereik[15].

Daar kon nie vasgestel word of Hercules en sy gesin na hulle aankoms aan die Kaap gou na hulle plaas vervoer is en of hulle weer van plaas verwissel het nie. In 1692 is die plaas De Zoete Inval[16] langs die Bergrivier formeel aan Hercules toegeken. Die plaas was 62 morg en 300 vk. roede groot. Die amptelike oordrag van die grond vind egter eers in 1697 plaas[17].



**Druiwestokke in 2009 op De Zoete Inval**
**Regs bo is die Taalmonument**

As die bestaande N1 snelweg vanaf Kaapstad noord gevolg word is die werkende gedeelte van die plaas in die Paarl net regs (suid) van die snelweg. Die Paarlse Stadsraad het die woonbuurt Courtrai op 'n deel van die plaas aangelê. Daar is ook 'n woonbuurt De Zoete Inval met straatname soos Herculessstraat, Datisstraat, Ceciliastraat en Des Presstraat. 'n Gedeelte van die plaas is 'n wynlandgoed waar wyn bemark word onder die De Zoete Inval handelsmerk.

Na 'n dringende oproep uit die Kaap om hulp, het daar van die diakonie van Batavië 'n bedrag van ƒ6000 gekom vir uitdeling onder die Hugenote weens hulle armoede en nood – hierna die Bataafse Hulpfonds genoem. Die uitdeling het op 18 en 19 April 1690 plaasgevind. Aan "Hercules du Pre" senior was toe reeds gereedskap, ens. ter waarde van ƒ583 uitgedeel deur die VOC. Uit die Bataafse Hulpfonds word ƒ510 aan Hercules toegeken[18]. By 'n ontleding van die toekennings uit die Bataafse Hulpfonds is dit duidelik dat Hercules senior die sewende grootste toekenning van al die Hugenote ontvang het. Dit dui op die armoede waarin hy en sy gesin verkeer het.

Volgens die opgaafrolle[19] van 1692 gaan dit toe al beter met die gesin en is daar op De Zoete Inval 'n ryperd, 23 beeste en 400 skape. Daar is 25 mud rog en 25 mud koring gewen en daar was 6000 wingerdstokke. Hulle het drie snaphane[20] en twee degens gehad.[21] Dit laat die waarskynlikheid oop dat hulle al vroeër as 1692 op De Zoete Inval was.

Volgens die opgaafrol van 1695 is Hercules reeds oorlede en is daar 1 kneg, 2 perde en 5000 wynstokke. Daar is 16 mud koring gewen[22].

## *Geloofsvervolging in Frankryk*

Die Edik van Nantes is in 1598 uitgevaardig om aan die Protestante in Frankryk 'n mate van geloofsvryheid te gee. Op 22 Oktober 1685 het Lodewyk XIV die Edik van Nantes formeel herroep.

Die Protestantse kerke moes vernietig word en die skole gesluit word. Dienste en byeenkomste is verbied. Protestante moes hul babas in Roomse kerke doop. Die beroepe is ontoeganklik vir die Protestante gemaak. Die emigrasie van Protestante is verbied. Vir die Protestante was Nederland 'n uitkoms en baie van hulle het onwettig daarheen gevlug, al moes hulle bykans al hul besittings agterlaat.

## *Die volgorde van die kinders*

Die drie kinders waarvan die geboortedatums by benadering bekend is, is Elizabeth (1670), Marie Jeanne (1675) en Francois-Jean (1677). Ten opsigte van Jacquemine word vermeld dat sy sestien jaar oud was toe sy getroud is in 1695, wat daarop dui dat sy in 1679 gebore kon gewees het. Die volgende kan in ag geneem word:

- In die inventaris van Hercules sr. in 1695, word Hercules jr. en Philippe genoem as mondige kinders en onderteken hulle die inventaris. Dit sê op sig self niks ten opsigte van Elizabeth nie, want sy was toe reeds getroud. Teen die tyd was die ouderdom van die kinders waarvan die benaderde geboortedatums beskikbaar is, soos volg: Elizabeth – 25 jaar; Marie-Jeanne – 20 jaar en Francois-Jean – 18 jaar. Philippe is eers in 1698 getroud en kon dus nie vanweë sy huwelikstaat as mondig aangegee gewees het nie.
- In die inventaris van Cecilia se boedel word die kinders (of hul kinders waar die ouers oorlede is) genoem in die volgorde Hercules, Philippe, Francois-Jean, Elizabeth, Jacquemine en Marie-Jeanne. Dis bekend dat Francois-Jean na Marie-Jeanne gebore is.
- In die likwidasie- en distribusierekening van Cecilia D'Athis se boedel word die kinders wel in die volgorde Hercules, Philippe, Elizabeth, Jacquemine, Marie-Jeanne en Francois-Jean genoem.
- Elizabeth het in 1690 ondersteuning uit die Bataafse Hulpfonds ontvang.
- Die kinders word soos volg genoem in opgaafrolle
  - 1692: Hercules jr. en Elizabeth.
  - 1695: Hercules jr. en Jacquemine.
  - 1700: Hercules jr., Philippe en Marie-Jeanne.
  - 1705: Hercules jr., Philippe, Francois-Jean (ongetroud), Elizabeth, Marie-Jeanne en Jacquemine.
  - 1709: Hercules jr., Philippe en Francois-Jean (getroud).
  - 1712: Al die kinders.
- Dit kom voor asof die huweliksouderdom van Jacquemine moontlik afgelei is van die vermeende geboortejaar 1679.
- Die huweliksdatums en geboortedatums van die eerste kinders gee ook nie veel van 'n leidraad nie, behalwe dat dit tog dui in die rigting dat Francois-Jean die jongste kind was indien hy nie maar net 'n stadige beginner was nie.
- Huweliksdatums: Elizabeth (1688), Jacquemine (1695), Hercules jr. (1696), Marie-Jeanne (1797), Philippe (1698) en Francois-Jean (1705).
- Geboortedatums van eerste kinders: Elizabeth (onbekend), tweede kind (1692), Jacquemine (1696), Hercules jr. (1697), Marie-Jeanne (1798), Philippe (1699) en Francois-Jean (1707).

Dit wil tog voorkom asof dit redelik sal wees om die volgende af te lei:

- Dat die jongste twee kinders Marie-Jeanne en Francois-Jean kan wees.
- Dat Hercules die oudste of tweede-oudste kind kon gewees het.
- Dat daar onsekerheid oor die posisie van Elizabeth is en dat sy netsowel die oudste of tweede-oudste as die derde-oudste kind kan wees.
- Dat Philippe die tweede-, derde- of vierde-oudste kind kan wees.
- Dat Jacquemine waarskynlik die derde- of vierde-oudste kind is.

# Kerk

Die St. Maartinskerk in Kortrijk, waar Elizabeth en Francois-Jean gedoop is, was 'n Rooms-Katolieke Kerk[23]. Daar is twee moontlikhede: Die egpaar was Protestants gewees en het as gevolg van geloofsvervolging na Nederland gevlug. Die ander moontlikheid is dat hulle in die destydse Frankryk onder die druk wat daar was, aan die Rooms-Katolieke Kerk behoort het en toe in Nederland oorgegaan het na 'n Protestantse Kerk.

In sy aansoek om toegelaat te word tot die St. Jansgilde vir kleremakers in Vlissingen, meld Hercules dat hulle uit die Pousdom aangekom het en na die gereformeerde godsdiens oorgegaan het. Hulle word dan ook lidmate van die Waalse gemeente in Vlissingen en ontvang 'n attestaat van daardie gemeente voor hulle vertrek na die Kaap.

In die inventaris wat na Cecilia se dood (1720) opgestel is, verskyn "1 doosje met papiere versegelt"[24] waarin die bogemelde attestaat ook was. So word dit die enigste attestaat van die Hugenote wat die land ingekom het, wat behoue gebly het. By die vendusie na die dood van Cecilia is 'n Franse Bybel onder die goedere wat verkoop is[25].

Die name van "Herculies Dupre" en "Cilia Datijes" verskyn in die lidmateregister van die kerk te Stellenbosch[26]. Die inskrywing van Hercules is deurgehaal en daar is 'n nota "doot" daarby gemaak. Die egpaar moes dus tot minstens 1695 deel van die gemeente gewees het. Hulle kinders het van die kleinkinders gedoop in die Franstalige gemeente te Drakenstein (Paarl).

# Die gesin

Daar is nie eenstemmigheid oor die volgorde waarin Hercules en Cecilia se kinders geplaas moet word nie. Die geboorte- en doopdatums van drie van die kinders ontbreek. Mev. Juna Malherbe het die kinders geplaas in die volgorde (1) Hercules, (2) Philippe, (3) Elizabeth, (4) Jacquemine, (5) Marie-Jeanne en (6) Francois-Jean. Sy dui aan dat die volgorde van die kinders bepaal is met behulp van die boedel inventarisse van hul ouers.[27] Uiteraard is dit 'n waarskynlike volgorde vir die kinders.

Op die gedenknaald op De Zoete Inval word in 1974 aangedui dat Francois-Jean aan die Kaap gebore is, wat foutief is.

Mnr. Thys du Preez het die volgorde gebruik wat hieronder gevolg word, nl. (1) Elizabeth, (2) Hercules, (3) Marie-Jeanne, (4) Francois-Jean, (5) Jacquemine en (6) Philippe[28]. Die volgorde is ook in die *Suid-Afrikaanse Geslagsregisters* (SAG) gevolg[29]. Die volgorde wat mnr. Thys du Preez en SAG gevolg het, word om praktiese redes gebruik. Die verwysings in die bestaande geslagregisters volg hierdie volgorde en dit sal baie verwarring veroorsaak indien dit nie gebruik word nie.

Die kinders word dus soos volg behandel:

- Elizabeth, getroud met Pieter Jansz van Marseveen.
- Hercules, getroud met Marie le Febre en later met Cornelia Viljoen.
- Marie-Jeanne, getroud met Jacques Theron (Therond).
- Francois-Jean, getroud met Marie Cordier.
- Jacquemine, getroud met Abraham Vivier.
- Philippe, getroud met Elisabeth (Isabeau) Prevot.

Die gesin was Franssprekend. Daar is egter aanduidings dat hulle ook Nederlands kon praat en in sommige gevalle skryf. Cecila d'Athis, Elisabeth en Hercules (die seun) was geletterd. Marie-Jeanne het 'n testament met 'n kruisie onderteken, maar het gediggies oor haar kinders by hul geboortes geskryf. Dit is nie bekend of Hercules, die oue, kon skryf nie. Philippe en Jacquemine was nie geletterd nie en Francois-Jean het sy naam met 'n letter geteken[30].

# Latere lewensjare

Hercules is dood c. 1695. In die inventaris wat na sy dood opgestel is word die plaas (De Zoete Inval), waens, 'n ploeg, 'n eg, bougereedskap, 'n bietjie huisraad, 1 perd, 35 beeste en 414 skape ingesluit[31].

Na Hercules se dood het Cecilia die boerdery voortgesit en vir Jan Harmse van Deventer gehuur as skaapwagter op die plaas[32]. Cecilia is teen ongeveer 1700 getroud met Pierre Dumont wat op 3 Augustus 1716 sterf. Hy was van Calais en kom omstreeks 1696 in die Kaap aan[33]. Na Pierre Dumont se dood is Cecilia terug na De Zoete Inval. In 1702 kom die name van Pierre Dumont en Cecilia voor in die monsterrolle en in 1712 en 1713 slegs die naam van Cecilia[34].

Pierre (of Pieter) Dumond en Cecilia het volgens die opgaafrolle van 1705, 1709 en 1712 'n groeiende boerdery aan die gang gehad. In 1712 het hulle, onder andere, 3 perde, 100 beeste, 450 skape en 13 000 wingerdstokke gehad[35].

Sedert 1701 is daar van tyd tot tyd vee gesteel deur die Khoi-Khoi in die Land van Waveren (Tulbagh). Die VOC het soldate gestuur en die soldate en vryburgers het van tyd tot tyd die rowers agtervolg en in een of ander mate van die vee teruggekry. Teen 1714 was daar wagposte te Ekserivier, Witsenberg en Piekenierskloof. Sersant Treurniet was plaaslik in bevel. Teen die einde van 1716 is vrede met die Khoi-Khoi gesluit en besluit om die drie wagposte af te skaf. Die heemraad Schalk Willemsz van der Merwe moes toe waens verskaf om die ammunisie en ander bates na die huis van Cecilia d'Athis te bring. "She had been paid for her hospitality to sergeant Treurniet and his men"[36].

Cecilia was blykbaar 'n vrou wat haar gehandhaaf het tussen die mansboere van haar tyd. Die wynpag van Drakenstein (Paarl) was vir 'n paar jaar in haar hande[37].

Volgens een bron het Cecilia in 1721 die plaas De Zoete Inval aan haar seun Philippe oorgemaak[38]. Sy was toe egter reeds oorlede. Volgens 'n ander bron het sy die plaas aan Philippe bemaak[39]. Volgens die inventaris van haar boedel, is die plaas in die boedel ingesluit[40].

Toe Cecilia op 15 November 1720 op De Zoete Inval oorlede is, ongeveer 25 jaar na haar eerste man se dood, het sy 'n taamlike sterk boedel nagelaat. Sy is in die tweede kerk van Drakenstein begrawe en dus in die gronde van die Strooidakkerk in die Paarl.[41]. Die inventaris van haar boedel het, onder andere, 118 beeste, 272 skape, 'n ossewa en stookketels ingesluit. Daar was ook drie slawe, Anthonij, Jan en Lijsbeth[42].



Die strooidakkerk in die Paarl

Die Likwidasie en Distribusierekening[43] van Cecilia het die erfenis van ƒ12447.15 (Indiese valuasie), na aftrekking van skuld en onkostes, verdeel tussen haar nagelate kinders en kindskinders uit die huwelik met Hercules des Prez. Teen die tyd dat die boedel afgehandel is, was vyf van haar ses kinders reeds oorlede. Haar dogter Marie-Jeanne oorleef haar en word nagenoeg 88 jaar oud.

## *Eed wat die Hugenote moes aflê voor hulle vertrek uit Nederland na die Kaap.*

"Ek beloof en sweer om onderworpe en getrou te wees aan Hul Hooghede die State-generaal van die Verenigde Provinsies, ons Soewereine Meesters en Here; aan Sy Hoogheid die Prins van Oranje, as Goewerneur, Kaptein en Admiraal-generaal en aan die Direkteure van die Algemene Geoktrooieerde Oos-Indiese Kompanjie in gemelde lande; asook aan die Goewerneur-generaal van Indië; sowel as aan die Goewerneurs, Kommandeurs en ander oor my geplaas gedurende die seereis en daarna aan land; dat ek my getrou en stip sal hou aan alle wette en verordeninge reeds gemaak of wat nog gemaak sal word deur die Here Direkteure, die Goewerneur-generaal en Raadslede, of die Kommandeur van my verblyfplaas en om my in elke opsig te gedra as 'n goeie en getroue onderdaan.
So helpe my God!"[44]

(Die eed het gegeld vir persone wat uit Nederland na die VOC se gebiede vertrek het en wat nie Kompanjie-amptenare was nie.)

## *Inventaris van Hercules des Prez gedateer 22 November 1696. Bl. 1.*

19

Inventaris, en Exacte Taxatie
der Roerende en onroerende goederen
nagelaten bij den vrijborger van
Drakensteijn Hercules des Pree, ten be-
hoeve van sijn nagelaten Weduwe
Cecilia Daties ter eenre: en 6 soo mondige
als minderjarige kinderen, ter andere
zijde; soo als de selve op dato deses bij
de ondergesz. weesmeesteren, met [illegible]
van de voorn. Weduwe; met [illegible]
van haar 2 mondige kinderen, Pieter
en Philip du Pree, is opgestelt en gewaar-
deert, bestaande in meenigte en prijs
als volgt, naementlijk

Een plaats leggende onder het gebied van
Drakensteijn, groot volgens Erfgrond
brief daar van zijnde, daar bij 40 [illegible]
wagens, ploeg, eegd, en wat verder van
bouwgereedschap daar op mogt zijn, met
wijngaard [illegible], is getaxeert all op f 2500 —

414 st. schapen kleijn en groot, de st. a f 2 — f 828 —

35 st. beesten, kleijn en groot, de st. a f 25 — f 875 —

Transporteere f 4203 —

# *Hercules desPrez en Cecilia d'Athis se kinders*

**(Nota:**
**As gevolg van die gebrek aan inligting oor die geboortedatums van drie van die kinders, is die gegewens oor die volgorde waarin die kinders geplaas moet word en die geboortebesonderhede van die drie kinders Hercules, Philippe en Jacquemine onseker. Die berekenings van ouderdomme, ens. van die drie kinders moet in die volgende gedeeltes dus in die lig hiervan beskou word.)**

© R. J. du Preez

# Elizabeth du Preez (b1) c. 1670 – 1719

## Oriëntasie

Elizabeth is omstreeks 1670 in Kortrijk (Courtrai) in die huidige België gebore. Sy is in 1719 oorlede toe sy nagenoeg 49 jaar oud was.

Minder as twee maande nadat die Des Prez-gesin voet aan wal sit in die Kaap, trou die agtienjarige Elisabeth met Pieter van Marseveen. Pieter oorleef Elizabeth met nege jaar en is in 1728 oorlede. Hulle het drie kinders gehad. Pieter was 'n boer.



Die Oude Pastorie en Paarl Museum op die destydse Pastoriegronde

## Genealogiese gegewens

b1 **DU PREEZ, Elizabeth**: *Vlaandere-Wes, Kortrijk (Courtrai) c. 1670[45]; ≈Kortrijk (Courtrai) St. Maartenskerk 1670; †1719[46]. (Sterfdatum kan ook moontlik c. 1713 wees)


x Kaapstad 25.7.1688: **VAN MARSEVEEN, Pieter Jansz**: *Frankryk, Kortrijk (Courtrai) – St. Maartens 1655[47]; †1728[48]. Seun van Jan VAN MARSEVEEN *c. 1630[49].

## Lewensloop

Elizabeth is omstreeks 1670 gebore te Kortrijk (Courtrai) in die huidige België. Sy is gedoop in die St. Maartenskerk in Kortrijk in 1670. Die doopgetuies was Charl Leurdan en Louise Pittens[50]. Sy word groot in Wes-Vlaandere en trek saam met haar ouers na Vlissingen in Nederland. Vandaar verlaat die gesin Nederland en kom op 5 Junie 1688 in die Kaap aan.

Minder as twee maande na die 18-jarige Elizabeth se aankoms in die Kaap, trou sy op 25 Julie 1688 met Pieter van Marseveen, wat ook Pieter Hakkelaar genoem is.

Daar is baie min gegewens oor Pieter se herkoms beskikbaar. Volgens een bron is hy omstreeks 1655 gebore. Hy was afkomstig van Nederland, maar daar is nie 'n aanduiding van wanneer hy in die Kaap aangekom het nie of die eerste keer hier vermeld is nie[51].



Die merke van Pieter en Elizabeth op 'n Testament

Hoewel mev. Juna Malherbe meld dat Elizabeth kon skryf[52], het sy 'n testament[53] onderteken met 'n kruisie.

In 1690 ontvang Elizabeth ƒ100 uit die Bataafse Hulpfonds vir die Hugenote. Daar word aangedui dat sy getroud is met Pieter Hakkelaar[54].

Eintlik is daar nie veel oor Pieter en Elizabeth bekend nie. Daar is wel 'n aantal los gegewens oor hulle wat iets van hulle storie weergee.

Pieter het in die stryd van die Vryburgers teen Goewerneur W A van der Stel die teenpetisie ten gunste van Van der Stel onderteken, soos trouens ook sy swaers Philippe en Francois-Jean du Preez[55].

Pieter en Elizabeth kom voor op die monsterrolle vir Drakenstein[56] in die jare 1695, 1702 en 1712. In die monsterrol vir 1713 kom net die naam van Pieter voor. Pieter se naam kom ook voor op die "Pad en Wegen en Driften" Rolle vir Drakenstein (9 November 1711) en die Land van Waveren (Tulbagh) (7 November 1712)[57].

| Opgaafrolle: Drakenstein Distrik: Pieter Jansz van Marseveen | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Jaar | | 1688 | 1692 | 1700 | 1705 | 1709 |
| Gesin | Mans | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| | Vroue | | 1 | 1 | 1 | 1 |
| | Seuns | | | 1 | 1 | 1 |
| | Dogters | | | 2 | 2 | 1 |
| Slawe | Manlik | | | | 1 | |
| | Vroulik | | | | | |
| Vee | Perde | | | 1 | 3 | 3 |
| | Beeste | | 9 | | 70 | 125 |
| | Skape | 150 | 250 | | | 600 |
| | Varke | | 1 | 3 | | 3 |
| Gesaaides Rog (Mud) | Gesaai | | | | | |
| | Gewen | | 6 | | | |
| Gesaaides Koring (Mud) | Gesaai | | | | | |
| | Gewen | | 18 | 20 | | |
| Wingerdstokke | | | 1100 | 10000 | 100 | 9000 |

In 1699 word 60 morg grond wat bekendstaan as die **Pastoriegronde** in Drakenstein (Paarl) aan Pieter toegeken. Hierdie gronde was oorspronklik tussen die Bergrivier en Paarlberg geleë. Dit het 'n gebied ingesluit tussen die hedendaagse Thom- en Nuwestraat aan die oostekant. Aan die Paarlberg se kant het dit tot tussen die hedendaagse Durr- en Kloofstraat gestrek. Hoewel die grond in 1699 toegeken is aan Pieter, is die grondbrief eers in 1706 onderteken. Pieter verkoop die grond aan die Drakensteinse Landdros en Heemrade in 1714. Op die gronde het later geboue verrys wat hedendaags nog bekend is, soos byvoorbeeld die Toringkerk, Gimnasium, Oude Pastorie Museum en die Taalmuseum.[58] In 1715 koop Pieter in Tafelvallei twee erwe op 'n vendusie vir ƒ100 en verkoop dit weer in 1716.[59]

Blykbaar het Pieter tussen 1692 en 1700 'n redelike boerdery aan die gang gehad, soos blyk uit die gegewens van die opgaafrolle hierbo[60]. Teen 1705 het die boerdery aansienlik verklein, maar in 1709 gaan dit weer beter. Daar is nie na 1709 weer opgaafrolle ten opsigte van Pieter nie.

Pieter en/of Elizabeth word ook in die ou rekords 'n paar keer genoem:

- In 1692 dagvaar Andre Gauch (Gous) vir Pieter vir 'n uitstaande smeeloon van ƒ30.[61]
- Op 13 Augustus 1696 stel Pieter 'n eis in teen Louis Cordier, 'n Franse Hugenoot wat in 1688 in die Kaap aangekom het, omdat Cordier in sy dronkenskap 'n perd in Pieter se plaas ingejaag het[62].
- In 1699 het bouwerk aan 'n meul vir Drakenstein begin op die plaas Nantes van Jacobus van der Heiden teen die Paarlberg. Dit was 'n buurplaas van Pieter se Pastoriegronde en hy het moontlik ook die plaas van Van der Heiden gehuur. Daar was groot bedrywigheid met die oprigting van die meul en Pieter het voedsel en verblyf verskaf aan die mense wat gemoeid was met die oprigting daarvan.[63]

© R. J. du Preez

- Gideon le Grand, ‘n ongetroude Hugenoot en sjirurgyn vir Drakenstein het by die Van Marseveens ingewoon[64]. Na sy dood in September 1710, moes Francois du Toit en Daniel Hugo, Heemrade, die inventaris opstel. Daarna moes Daniel Hugo en Claude Marais le Grand se geldkis gaan verseël. Daniel Hugo skryf ‘n brief waarin hy die Weesheer meedeel dat Pieter van Marseveen nie wil toelaat dat hulle die kis verseël nie. Die Weesheer spreek die Van Marseveens aan en Elizabeth skryf terug dat sy nie weet hoe Daniel Hugo die Weesheer so verkeerd kon inlig nie. Blykbaar is die saak toe opgelos.[65]
- Pieter het, soos so baie van die vroeë inwoners, die vendusies uit die boedels van afgestorwenes bygewoon. Daar het hy beeste, skape en ander artikels gekoop. Van die vendusies was dié van Esaias Costeaux, sy skoonseun; Hans Jurgen Neymandt; Willem Schalk; Isabella Frederiks; en Gideon le Grand[66].

Die Van Marseveens het drie kinders gehad, nl.

- Anna van Marseveen, getroud met Esaias Costeaux (Caucheteux) en later met Abraham Prevot;
- Cecilia van Marseveen, getroud met Charl Prieur du Plessis (Kyk storie oor Elizabeth Vivier) ; en
- Pieter (Pierre) van Marseveen. Pieter trou met sy niggie Marie Theron en hulle het twee dogters gehad[67]. Met Pieter sterf die Van Marseveen van uit.

Een bron dui aan dat Elizabeth in 1719 oorlede is [68], maar soos reeds aangedui is daar ook ander moontlikhede, soos byvoorbeeld 1713. Hulle seun, Pieter, is in 1721 oorlede, toe hy 23 jaar oud was, blykbaar op die plaas Winterhoek in die Land van Waveren. Hy was die eerste inwoner op die plaas, maar die grond is op geen wyse ten gunste van hom geregistreer nie[69]. Pieter jr. se skoonpa, Jacques Theron en sy pa, Pieter sr., het die inventaris na Pieter jr. se dood opgestel.

Daar kon nie vasgestel word waar Pieter sr. en Elizabeth na die verkoop van Pastoriegronde in 1714 gewoon het nie. Pieter is in 1728 oorlede.

# *Hercules du Preez (b2)* (c. 1672 – 1721)

## Oriëntasie

Hercules junior is gebore omstreeks 1672[70] en was nagenoeg 49 jaar oud toe hy in 1721 oorlede is. Hy was 'n boer.

Die 24-jarige Hercules trou in 1696 met die 45-jarige Marie le Febre. Sy is gebore c. 1651 en is oorlede in 1701 toe sy 50 jaar oud was. Hulle het een seun gehad. Sy was drie keer getroud voor hierdie huwelik.

Op 30-jarige ouderdom trou Hercules met die sestienjarige Cornelia Viljoen. Sy is omstreeks 1686 gebore en is oorlede in 1758 toe sy 72 jaar oud was. Hulle het 'n dogter gehad wat jonk oorlede is. Cornelia trou na Hercules se dood met Christian Matzdorf (Maasdorp).

Hercules het aktief aan die gemeenskapslewe deelgeneem en was ook in twiste betrokke. Hy is egter veral bekend vir die rol wat hy in die verset teen Goewerneur W A van der Stel gespeel het.

## Genealogiese gegewens


b2 **DU PREEZ, Hercules:** *Frankryk c. 1672[71]; †Drakenstein 9.5.1721[72].

x 1696[73]: **LE FEBRE (FEVRE), Marie**: *Marq, Calais c. 1651[74]; †1701[75]. Dogter van David LE FEVRE en Isabeau LE BLEU van Marq naby Calais
[Marie Le Febre[76]:
x Guine (Suid van Calais) 8.10.1673[77]: **PREVOT, Charles**: *Dombray naby Saint-Amand-les-Eau, suidoos van Lille, 1650; †Julie 1688[78]. Seun van Henri PREVOT en Jeanne DE FIEF.
xx 29.6.1688[79]: **ECKHOFF, Heinrich**:
xxx Stellenbosch 19.10.1692[80]: **DE PERONNE, Louis**: *St. Mazaire, Frankryk; †c. 1696[81].
xxxx 1696: **DU PREEZ**, **Hercules** soos hierbo.]

xx c. 1702[82]: **VILJOEN, Cornelia:** *c. 1686[83]; ≈Stellenbosch 13.10.1686[84]; †c. 1758[85]. Dogter van Francois VILLION vanaf Clermont en Cornelia CAMPENAAR van Middelburg, Holland.
[Cornelia Viljoen[86]:
xx c. 1722[87]: **MATZDORF (MAASDORP), Christian**: *c. 1674[88]. Hy was voorheen getroud op 25.8.1702 met Maria BASSON en op 3.12.1713 met Helena VAN DER MERWE.[89]]

## Lewensloop

Hercules is gebore in 1672[90] in Wes-Vlaandere, moontlik te Kortrijk (Courtrai)[91]. Daar is nie 'n presiese geboortedatum vir hom beskikbaar nie. Hy is klaarblyklik vernoem na sy pa.



**Die " f " in die tweede reël is Marie le Febre se merk**

Hy word groot in Wes-Vlaandere en trek saam met sy ouers na Vlissingen in Nederland. Vandaar verlaat die gesin Nederland en kom op 5 Junie 1688 in die Kaap aan. Hercules ontvang gereedskap ter waarde van ƒ424 van die VOC om te help om hom te vestig, maar die geld is terugbetaalbaar[92].

Hy trou c. 1696 met Marie le Febre. Sy is gebore c. 1651, was 21 jaar ouer as Hercules en is oorlede in 1701. Terwyl die meeste bronne aanvaar dat dit die Marie le Febre is wat as Charles Prevot se vrou in 1688 in die Kaap aangekom het, het mnr. Thys du Preez voorbehoude. Hy meld: "Watter Marie le Febre dit was, is nie vir die outeur seker nie. Dit was tog seker nie die een wat 21 jaar ouer as hy was nie"[93]. Daar is egter tans niks anders beskikbaar wat daarop dui dat dit 'n ander Marie le Febre was nie. Indien die volgorde van eienaarskap van die plaas Welgevonden nagegaan word (Heinrich Eckhoff, Louis de Peronne en Hercules du Preez), wil dit tog voorkom asof die regte Marie hier gekoppel is[94].

Marie was afkomstig van Marq, Calais in Picardie, Frankryk. Sy was getroud met Charles Prevot, Heinrich Eckhoff, Louis de Peronne en Hercules du Preez. Sy het altesaam nege kinders gehad: 6 Prevots, 1 Eckhoff, 1 De Peronne en 1 Du Preez.[95]

- Charles Prevot[96] was 'n wamaker van Duinkerken en woon later te Marq. Hy en sy gesin kom op 5 Junie 1688 vanaf Nederland in die Kaap aan op *De Schelde* – dieselfde skip as Hercules Des Prez en sy gesin. Hulle stap aan wal met vier kinders, waarvan die jongste gebore is ter see en in Tafelbaai op die *Schelde* gedoop is op 24 Mei 1688[97], waar Elizabeth du Preez 'n doopgetuie was. Daar word aangedui dat Charles 38 jaar oud was toe hulle in die Kaap aankom en Marie 37 jaar[98]. Charles is die eerste Hugenoot wat aan die Kaap sterf en wel in Julie 1688, minder as twee maande na hul aankoms. Hulle het ses kinders gehad, nl. David en Marie wat blykbaar jonk oorlede is in Europa; Abraham (wat getroud was met Anna van Marseveen); Anne; Isabeau (wat getroud was met Philippe du Preez); en Jacques.

- Heinrich Eckhoff kom as soldaat in 1684 in die Kaap aan vanaf Essen. Hy word in 1687 'n burger en woon eers te Stellenbosch en boer te Drakenstein vanaf 1694[99]. Heinrich en Marie het 'n seun, Matthys Hendrik.

- Louis de Peronne kom in 1687 op die skip *Eemland* in die Kaap aan as soldaat. Hy verlaat die VOC se diens in 1691 en is veewagter in die Drakenstein Distrik by Hans Claasen. Louis en Marie het 'n dogter, Maria Magdalena gehad.[100] Hy is c. 1696 oorlede.

Marie het, benewens die goedere wat ontvang is om te help met die vestiging in die Kaap en wat ƒ119 bedra het, ook ƒ450 uit die Bataafse Hulpfonds waarmee die Franse vlugtelinge gehelp is, ontvang[101].

Na Marie se dood in 1701 trou Hercules c. 1702 met Cornelia Viljoen. Sy is gebore c. 1686 aan die Kaap en was nagenoeg 16 jaar oud toe sy trou. Sy is gedoop te Stellenbosch op 13 Oktober 1686. Die doopgetuie was "Beatris Gysberts"[102] (Beatrix Verwey). Die datum waarop sy te Stellenbosch belydenis van geloof aflê word nie vermeld nie, maar dit is in 1700/01 "... nae gedane loffelijke belijdenisse ..."[103].

Cornelia was die dogter van Francois Villion en Cornelia Campenaar. Francois het reeds in 1671 in die Kaap aangekom. Hy was afkomstig van Clermont wat heel waarskynlik die dorpie naby Verdun in Lotharinge was, wat in 1668 deur die Franse verwoes is. Cornelia Campenaar was van Middelburg in Nederland afkomstig. Francois was een van die eerste agt Vryburgers wat hulle te Stellenbosch vestig. Hy bly daar op die plaas Idasvallei tot sy dood in 1689.[104]

Hercules het net twee kinders gehad, nl. sy seun Hercules waarvan Marie le Febre die moeder was en Cecilia waarvan Cornelia Viljoen die moeder was. Cecilia is jonk oorlede.

Op 15 Februarie 1719 onderteken Hercules en Cornelia 'n testament in die Kaap[105]. Hulle kom voor op die monsterrolle vir 1702, 1712 en 1713[106]. Hercules se naam kom ook voor op die "Pad, Wegen en Driften" Rolle vir die Land van Waveren (Tulbagh) vir 1712[107].



Hercules het aan die Stellenbosch en later die Drakenstein gemeentes behoort. Hy was een van die eerste diakens van Drakenstein en het tot 1715 gedien. In 1716 het hy die houtwerk vir die nuwe pastorie in Drakenstein gedoen. Toe die nuwe kerkgebou vir Drakenstein opgerig is, was hy een van diegene wat 'n klip ingemessel het op 6 September 1718. In Desember 1716 het die kerkraad van Drakenstein besluit dat Hercules hom van die nagmaal moet onthou weens sy gedrag te Stellenbosch – wat dit was is nie bekend nie. Vanweë die kwaaivriendskap tussen Hercules en Jean le Roux is hulle deur die kerkraad van Drakenstein op 29 Februarie 1717 onder tug geplaas. [108]

Hercules is op 18 Desember 1700 deur W A van der Stel aangestel as 'n Heemraad van Stellenbosch en op 19 Desember 1705 as 'n Heemraad van Drakenstein (Paarl)[110]. Hy was ook in 1700 'n korporaal van die berede soldate, in 1702 'n luitenant en op 12 September 1705 is hy aangestel as kaptein van die Burgerwag van Drakenstein[111].

Hercules du Preez het aktief deelgeneem aan die verset teen W A van der Stel. Hy het ook dikwels aan huis van Adam Tas gekom[112]. Toe Van der Stel begin optree teen die verset, is Hercules ook 'n teiken. Van der Stel skryf aan die Landdros van Stellenbosch dat hy Jan en Claas Elbertsz, Jacobus van Brakel en Hercules du Preez gevange moet neem, want hulle is die mense (soos dit vertaal is) "... who appear to us to be the most malevolent and dangerous instruments ..."[113]

Hercules vlug en ontkom aanvanklik arres, maar hy en Jacobus van Brakel word later gearresteer en na die Kasteel in Kaapstad gebring. Die besluit oor hulle (soos vertaal) lees soos volg: "... who with seven other mutineers, because of their persisitent refusal to appear, and their drafting, writing and signing of libels, and defamatory letters, full of treason and insult, falsely forged against the authorities here, had on the 9th August 1706, been condemned by the Court of Justice to be banished for five years to Mauritius. They were at once sent on board the frigate 'Ter Aa'"[114]. Die *Ter Aa* was 'n onseewaardige fregat wat in die hawe was en hulle sou daar aangehou word totdat 'n geleentheid na Mauritius sig voordoen. Terwyl hulle aangehou is, is W A van der Stel ontslaan en is hulle vrygestel.

## *Die verset teen W A van der Stel*

W A van der Stel word Goewerneur in 1699. Die plaas Vergelegen word aan hom toegeken en hy vergroot dit. Daar boer hy met groot sukses.

Ander amptenare van die VOC word ook toegelaat om te boer. Die afsetgebied vir die vryburgers se produkte word bedreig. Die wyn- en vleispag word aan gunstelinge van Van der Stel toegeken.

Van die Vryburgers is baie ontevrede oor die toestand. Hulle tree op, veral onder leiding van Henning Huising en Adam Tas. 'n Klagskrif word na die Here XVII in Nederland gestuur. Dit is onderteken deur 63 vryburgers wat 31 Hugenote insluit.

Van der Stel stuur ook 'n getuigskrif wat hom ondersteun na Nederland met 240 handtekeninge, waarvan 'n aantal bevraagteken kan word.


Van der Stel begin optree teen die ontevredenes wat hy as muiters beskou. Adam Tas word gevang en vier van die leidende persone word na Nederland gestuur. Ander word in die 'donker gat' van die Kasteel aangehou. Ander word verban en aangehou om weggestuur te word.

In 'n brief van 30 Oktober 1706 word Van der Stel ontslaan en moet hy terugkeer na Nederland. Die gevangenes word vrygestel.[109]


Daar is ook 'n aantal ander insidente waarby Hercules betrokke was, wat aangeteken is en wat moontlik iets van hom vertel. Slegs enkele insidente word genoem:

- Vroeg in 1699 het Jacques de Savoye (ook 'n Hugenoot), Hercules hof toe geneem omdat Hercules nie die drif op sy plaas in stand gehou het nie. Hercules het in die daaropvolgende maande vir De Savoye ses keer voor die hof gehad oor wat as onbenullighede beskryf word.[115] Daar was ook hoftwiste met Daniel Hugo.
- Die Landdros doen verslag aan Goewerneur W A van der Stel in 1706 dat Hercules aan huis van Abraham de Villiers was toe die Sekunde, Elsevier, ter sprake gekom het en dat Hercules vir Elsevier toe 'n "... donnerse yzercramer ..." (ystersmous) genoem het[116]. By 'n ander geleentheid het hy Jacques de Savoye "... een oude bedrieger ..." genoem[117].

**Kaart nr. 3: Benaderde ligging van Watervliet en Welgevonden**[118]




**Kaart nr. 4: Benaderde ligging van Romansrivier**




- Die Weesmeester se Kantoor spreek Hercules in 1711 aan omdat hy en andere nie voor die Weeskamer verskyn het omdat hulle nie rente betaal het op die kapitaal van die weeskinders van Marie le Febre nie. Die weeskinders was aan die aangeklaagdes se sorg toevertrou, maar die gevolgtrekking word gemaak dat dit nooit hul erns was om hulp aan die weeskinders te verleen nie.[119]

Hercules was, benewens al sy ander aktiwiteite, 'n boer. As gevolg van sy huwelik met Marie le Febre, word hy in 1696 die eienaar van die plaas **Welgevonden**, wat die plaas van haar vorige man, Louis de Peronne, was. Die plaas was 60 morg groot.

In 1698 koop Hercules die plaas **Watervliet**[120] van Gerrit van Deventer. Die plaas het aan Welgevonden gegrens en was ook 60 morg groot.[121] Op die hedendaagse kaart word Welgevonden nie afsonderlik aangedui nie. Die plase is op die pad tussen Paarl en Franschhoek en het tot oor die Bergrivier gestrek. Hoewel dit met die vervoermiddels van vroeg in die agtiende eeu 'n groot afstand moes gewees het, is die plase nie so ver van De Zoete Inval geleë nie. Hy en Cornelia woon op Watervliet.

Hercules het blykbaar ook die plaas **Menin** uit sy swaer, Abraham Vivier se boedel gekoop[122]. Daar is rekord in Abraham se boedel[123] dat Hercules 'n plaas gekoop het, maar die plaasnaam is nie verstrek nie. In die rekord van plaaseienaars is daar nie 'n aanduiding dat Hercules die plaas besit het nie, maar word aangedui dat Pieter du Toit die plaas gekoop het[124].

Die plaas **Romansrivier**[125] in die Land van Waveren (Tulbagh) is aan Hercules toegeken in 1709[126].

Uit die opgaafrolle blyk dit dat Hercules veral met vee, koring en druiwe geboer het. Die kneg wat Hercules gehad het, was Francois de Coning met wie daar op 17 Oktober 1700 of 01 (moeilik leesbaar) 'n kontrak aangegaan word dat De Coning hom as kneg sal dien en dat hy aan De Coning ƒ12 (Kaapse valuasie) sal betaal en hom van kos, drank en goeie huisvesting sal voorsien[127].

Hercules sterf op 9 Mei 1721. Mnr. Thys du Preez meld dat Hercules se nageslag slegs 8% uitmaak van die Du Preezs wat in die stamregister wat deur mnr. Du Preez opgestel is, voorkom[128]. In 1722 bekom Cornelia haar bewys van lidmaatskap van die gemeente in Drakenstein en op 18 September 1722 word sy in die kerkregister van die Kaap ingeskryf. Intussen is sy ook getroud met Christian Maasdorp (Matzdorf)[129]. Christian is omstreeks

1674 gebore en Cornelia was sy derde vrou. Hy was voorheen getroud met Maria Basson en Helena van der Merwe, wat 'n weduwee Van As was.

Maasdorp was afkomstig van Pasewalk in Duitsland en kom omstreeks 1697 in die Kaap aan as matroos. Hy was ’n meester wamaker vanaf 1701 – 1705 en word 'n burger. Hy het die wyn- en brandewynpag te Rondebosch gehad vir die tydperke Augustus 1716 tot Augustus 1718; Augustus 1719 tot Augustus 1720; en Augustus 1724 tot Augustus 1726[130]. Hy was ook Sersant en Kwartiermeester van die Kaapse milisie se kavallerie tot 1726.

Christian Maasdorp en Cornelia trou in gemeenskap van goedere. Daar was egter 'n probleem oor die plaas Watervliet wat in Cornelia se besit was. Daar kon geen toekenningsbrief opgespoor word nie. Maasdorp stel dit dat die plaas oorgegaan het na Cornelia se seun Hercules du Preez. Hercules (die seun) moes egter op een of ander wyse skriftelik bewys kry dat die plaas nou in sy naam is.

Uiteindelik word ooreengekom dat Maasdorp 'n verklaring maak dat Hercules die plaas ontvang het.[131]

Cornelia is oorlede omstreeks 1758.

| Opgaafrolle: Drakenstein Distrik: Hercules du Preez jr.[132] | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Jaar | | 1692 | 1700 | 1705 | 1709 | 1712 | 1719 |
| Gesin | Mans | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| | Vroue | | | 1 | 1 | 1 | 1 |
| | Seuns | | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| | Dogters | | 1 | 1 | 1 | 1 | |
| Knegte | | | | | 1 | 1 | |
| Slawe | Manlik | | | 1 | 1 | 3 | 7 |
| | Vroulik | | | 3 | 4 | 4 | 5 |
| Vee | Perde | | 5 | 10 | 10 | 10 | 7 |
| | Beeste | 5 | 54 | 80 | 100 | 92 | 120 |
| | Skape | 30 | 200 | 200 | 400 | 500 | 200 |
| | Varke | | 10 | | | 8 | 2 |
| Rog gewen (mud) | | 8 | 30 | 20 | | | |
| Koring gewen (mud) | | 4 | 23 | 20 | 100 | 70 | 60 |
| Gars gewen (mud) | | | 15 | | | | |
| Wingerdstokke | | | 8000 | 130 | 10000 | 12000 | 8000 |

Dit is baie moeilik om na verloop van 'n paar eeue en met baie min gegewens 'n gevolgtrekking oor 'n persoon te maak. Die gegewens wat wel beskikbaar is, dui daarop dat Hercules, onder andere, leiersposisies in sy gemeenskap beklee het, by tye uitgesproke was en moontlik nie veel van teenstand gehou het nie.

# Marie-Jeanne du Preez (b3) c. 1675 – 1763

## Oriëntasie

Marie-Jeanne du Preez is gebore in 1675 en was nagenoeg 88 jaar oud toe sy in 1763 oorlede is.

Die 22-jarige Marie-Jeanne trou in 1697 met die 28-jarige Jacques Therond. Hy is gebore in 1668 en is oorlede in 1739 toe hy 71 jaar oud was. Hulle het 7 kinders gehad. Jacques was 'n boer.


Jacques en Marie-Jeanne was die stamouers van die Therons in Suid-Afrika.

## Genealogiese gegewens

b3 **DU PREEZ, Marie-Jeanne**: *Frankryk, Artois, Bethune 1675[133]; †Le Rhone, Tulbagh 1763[134].

x 1697[135]: **THEROND (THERON/TRONT), Jacques**: *Nimes, Languedoc, Frankryk 11/15.11.1668[136]; †Le Rhone, Waveren (Tulbagh) 1.12.1739[137].

## Lewensloop



Jacques en Marie[138] se handtekeninge.

Marie is gebore in 1675 in Bethune in Artois in die destydse Frankryk. Daar is nie 'n presiese geboortedatum vir haar beskikbaar nie. Sy word groot in Wes-Vlaandere en trek saam met haar ouers na Vlissingen in Nederland. Vandaar verlaat die gesin Nederland en kom op 5 Junie 1688 in die Kaap aan. Sy was toe nagenoeg 13 jaar oud.

Marie-Jeanne en Jacques Therond trou omstreeks 1697. Jacques (Jacques-sn) is gebore te Nimes op 11 of 15 November 1668. Hy was afkomstig van die provinsie Languedoc in die suide van Frankryk.

Na die herroeping van die Edik van Nantes in 1685, was die vervolging van Protestante in Nimes hewig. Reeds in dieselfde jaar is Nimes ingeneem, die kerk afgebreek en duisende Protestante gedwing om die Rooms-Katolieke geloof aan te neem.[139] Watter koers Jacques ingeslaan het met sy vertrek uit Frankryk is nie bo twyfel duidelik nie. Hy bereik Middelburg in die Nederlande, moontlik in die laaste maande van 1687 en waarskynlik na 'n trek deur Switserland en die Rynvallei.[140]

Op 29 Januarie 1688 vertrek Jacques as soldaat met die *Oosterland* uit Nederland en op 26 April 1688 kom die skip in die Kaap aan. Ander Hugenote op dieselfde skip was, onder andere, Sara Cochet, die De Savoye-gesin, Jean du Buis, Jean Prieur du Plessis en sy vrou Madeleine Menanteau, die drie Noutier (Nortje) broers en die Taillefert gesin. [141] Jacques verlaat die diens van die VOC aan die einde van Mei 1688 en word 'n vryburger. Jacques ontvang gereedskap ter waarde van ƒ153 van die VOC om hom te help met sy vestiging. Later ontvang hy ƒ130 uit die Bataafse Hulpfonds wat beskikbaar gestel is om die Hugenote te help.[142]

Jacques en Marie-Jeanne het sewe kinders gehad[143]:

- Marie Theron, eers getroud met haar neef Pieter van Marseveen en later met Francois du Toit.
- Jacques Theron, getroud met Elisabeth du Toit.
- Elisabeth Theron, getroud met haar neef Hercules du Preez (Hercules-sn.).

- Pierre Theron, eers getroud met Anna Pretorius en daarna met Anna du Plessis.
- Jean Theron, getroud met Maria Pretorius.
- Thomas Arnoldus Theron, eers getroud met Elisabeth du Plessis en later met Elisabeth Margaretha Seitz.
- David Theron, getroud met Magdalena Marais.

## *Uit Marie-Jeanne se gediggies*[144]

**Die laaste Theron kind:**
"Anno 1718 den 27 Augustus is geboren David Theron.

David na Gods harte werden nu en niet geagt
Den zegen was daar voor hem in't huis Jesse gebracht
Heer laat ook David groeijen in de voorhoven soet
Geef hem ook Davids zegen bewaart hem voor tegenspoed"

**Na die gegewens oor enkele Vivier kinders wat deur die Therons as wese versorg is**:


"O vader aller weezen en bewaarder aller vromen
Laat uwen segenshand tot deze kinderen komen
Brengt haar na volle jaaren in uwe gederijk
Dat zij u Eeuwig looven in Hemel al gelijk"

Marie-Jeanne het, volgens oorlewering in die familie, gediggies in Nederlands geskryf oor die geboortes van al haar kinders en dit het behoue gebly. Dit is egter nie seker dat sy hulle self geskryf het nie.[145] Daar word gemeld dat sy in beide Frans en Nederlands kon skryf[146]. Tog het sy haar naam op 'n testament van 19 September 1718 met 'n kruisie geteken[147]. In die testament word vermeld dat sy siek en in die bed is, wat moontlik die kruisie as handtekening kan verklaar.

Marie-Jeanne se suster Jacquemine laat na haar en haar man se dood drie seuns en vyf dogters tussen die ouderdomme van 19[148] en nagenoeg twee jaar oud na. (Dit is nie seker hoeveel van die kinders voor hul ma, Jacquemine, oorlede is nie, maar dit kom voor asof dit twee van die tien kinders kon gewees het en dat agt kinders – 3 seuns en 5 dogters, wees nagelaat is.) Die Theron egpaar neem die vyf Vivier dogters aan en versorg hulle[149]. Hierdie versorging van die kinders het ook aanleiding gegee tot Jacques se optrede tydens die swangerskap van Elizabeth Vivier, waarvan meer vertel word in die gedeelte oor haar ma, Jacquemine.

Aanvanklik het die egpaar in Klein Drakenstein gewoon en later in die Land van Waveren – die Tulbaghvallei. Die egpaar doop al hul kinders in die Drakensteinse Kerk (Paarl).

Jacques het aktief deelgeneem aan die aktiwiteite van die gemeenskap. Jacques en sy swaer Hercules du Preez is van die mense wat op 4 Januarie 1706 aan die huis van Pieter van der Bijl die Klagskrif teen Goewerneur W A Van der Stel onderteken. Van der Stel en sy ondersteuners werk egter hard om hom te verdedig. Op 20 Februarie 1706 word Jacques en nog dertien van die Franse vlugtelinge saamgeroep deur Landdros Starrenburg van Stellenbosch om die verweerskrif ten gunste van Van der Stel te teken. Hulle weier om te teken en toe die Landdros hulle dreig, maak Jacques die deur oop en almal stap uit.[150]



Jacques se handtekening en Marie-Jeanne se merk

Jacques-hulle se name kom voor in die monsterrolle vir Drakenstein (Paarl) in 1702, 1712 en 1713.[151] Jacques het as ouderling en diaken gedien in die kerk te Drakenstein. Hy was ook vir tydperke 'n Heemraad van Drakenstein. Op 6 September 1718 is hy een van die persone wat die hoeksteen van die nuwe kerk te Drakenstein lê.


Jacques ontvang 'n brief van sy vader uit Frankryk wat gedateer is Nimes, Languedoc, 2 April 1719. In die brief sê sy vader dat hy verneem het dat Jacques hom aan die Kaap bevind, getroud is en 'n gesin het. Dit besorg die vader baie vreugde en hy bid die Here dat hy voor sy dood berigte oor die welsyn van sy seun uit sy eie mond sal ontvang. Dan gaan hy voort om nuus oor die familie in Frankryk te vertel.[152]

‘n Stuk grond van nagenoeg 48 morg word in Klein Drakenstein en langs die Palmietrivier aan Jacques toegeken op 6 Augustus 1892. Dit het gegrens aan die grond van Jan Roux en Jean Imbert (waarskynlik ‘n familielid van Jacques). Op 8 November 1710 word hierdie stuk grond as **Minie** formeel aan Jacques Theron toegeken. Die plaas is vernoem na Menen, ‘n dorp in die hedendaagse België, naby die Frans-Belgiese grens en voorheen ‘n deel van Frans-Vlaandere. Dit was die omgewing waarvandaan Marie-Jeanne gekom het. Hierdie plaas bly in die gesin se besit tot na Marie-Jeanne se dood toe dit op 18 Mei 1764 oorgaan na hul seun Thomas Theron.[153]

**Kaart nr. 5: Benaderde ligging van Minie, Languedoc, Dekkersvlei en Keerweder**




**Kaart nr. 6: Benaderde ligging van Le Rhone en Montpellier**




Die plaas **Languedoc** is op 17 April 1694 aan die ongetroude Jean Imbert, wat later ‘n vennootskap met Jacques sou sluit, toegeken. Hy verkoop die plaas in 1702 aan Esaias Costeaux wat getroud was met Anna van Marseveen en na Costeaux se dood gaan die plaas oor na Anna se tweede man, Abraham Prevot. In 1708 koop Jacques Theron die plaas (50 morg) vir f1550[154], dit word registreer op sy naam op 4 Mei 1711 en dit bly in die gesin se besit tot Marie-Jeanne se dood. Dit gaan daarna oor na hulle seun Thomas in 1764.[155]

Op 9 Oktober 1716 koop Jacques die plaas **Keerweder**[156] (60 morg) en ongeveer vier jaar later verkoop hy dit aan Cornelis Stapper.[157]

In 1713 het Jacques na die Land van Waveren (Tulbagh) verhuis nadat hy uitgetree het as Heemraad van Drakenstein en hy word aangestel as toesighouer oor die paaie. Hier tref hy weer vir Jean Imbert aan, wat sy buurman was toe hy op Minie en Imbert op Languedoc gewoon het. Imbert was toe reeds vir ‘n paar jaar in die Land van Waveren (Tulbagvalllei) en het vir ‘n tydperk in vennootskap met Etienne Terblanche daar geboer.

In die Land van Waveren word aangrensende plase aan Imbert (Montpellier) en Theron (Le Rhone) toegeken. Die toekennings in Augustus 1714 was blykbaar net die bevestiging van ‘n situasie wat reeds bestaan het.

Blykbaar het Theron en Imbert ‘n vennootskap aangegaan en het Imbert ook gewoon en gewerk op **Le Rhone**[158]. Toe die vennootskap tot ‘n einde kom op 25 Junie 1716, was daar nog nie ontwikkelings op Montpellier nie. Jacques Theron moes toe Imbert vergoed vir sy werk op Le Rhone.

Dit het behels dat Jacques die situasie te Le Rhone moes dupliseer op Montpellier. 'n Woning van 40x12 voet (ongeveer 12.2 x 3.7 meter) met dieselfde soort deure as op Le Rhone moes gebou word asook 'n kraal soortgelyk aan dié op Le Rhone. Die helfte soveel druiwestokke as op Le Rhone moes geplant word. Die los goedere en vee is verdeel.[159]

Die grootte van die huis op Le Rhone was teen 1716 dus nagenoeg 12.2 x 3.7 meter of omtrent 45 vk. meter. Teen daardie tyd het die Theron-gesin bestaan uit agt persone en het hulle ook omgesien na die vyf Vivier-dogters.

Die opgaafrolle hieronder dui daarop dat Jacques en Marie-Jeanne 'n gemengde boerdery gehad het met heelwat beeste en skape en dat hulle later 'n aansienlike getal wingerdstokke gehad het.

| Opgaafrolle: Drakenstein Distrik: Jacques Theron en vanaf 1739 slegs Marie-Jeanne[160] | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Jaar | | 1695 | 1705 | 1719 | 1731 | 1741 | 1761 |
| Gesin | Mans | 1 | 1 | 1 | 1 | | |
| | Vroue | | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| | Seuns | | 2 | 5 | 2 | | |
| | Dogters | | 2 | 2 | | | |
| Knegte | | | | | 1 | | |
| Slawe | Manlik | | | 5 | 8 | 8 | 5 |
| | Vroulik | | | | 4 | 3 | 3 |
| Vee | Perde | | 4 | | 7 | 5 | |
| | Beeste | 11 | 40 | 100 | 100 | 100 | 10 |
| | Skape | | | 200 | 400 | 350 | 200 |
| | Varke | | | 6 | | | |
| Rog gewen (mud) | | | 10 | | | | |
| Koring gewen (mud) | | 8 | 30 | 50 | 50 | 60 | 20 |
| Gars gewen (mud) | | | 14 | | | | |
| Wingerdstokke | | 3000 | 100 | 10000 | 20000 | 20000 | 20000 |

Jacques is op Le Rhone oorlede. By die gediggies van Marie-Jeanne oor haar kinders, was ook 'n aantekening ingesluit waarin noteer word dat haar man, Jacques, in die nag tussen 1 en 2 Desember 1739 om ongeveer 21:45 sterf nadat hulle vir 42½ jaar getroud was[161].

Marie-Jeanne bly nou alleen agter en sou vir 23 jaar as weduwee op Le Rhone bly. Sy het aanhou woeker met die boerdery. So is daar bv. op 23 Junie 1760 weiregte aan haar toegeken op Soutvallei tussen die Duivenhoks- en die Goukourivier (Kafferskuilrivier)[162]. Op 10 Oktober 1763 is weiregte aan haar toegeken vir De Vlakte wat aan die Witsenberge geleë was[163].

Sy is in 1763, toe sy nagenoeg 88 jaar oud was, oorlede.

## *Oor die Gemeente Drakenstein*

Die eerste kerkie van die Drakenstein gemeente was by Babylonstoren (Simondium). Dit is in 1716 so deur wind en reën verniel dat dit nie verder gebruik kon word nie.

'n Kerk is toe opgerig waar die Strooidakkerk in die Paarl tans staan en dit dien as kerkgebou van 1720 – 1797. Die predikant vanaf 1714 – 1724 was ds. P A van Aken. Hy verwys later na die gemeente as "... De godvresendste en vredeliewendste mense in de wereld ..."

Jacques Theron en Hercules du Preez jr. was van die kerkraadslede in hierdie kerkraad.[164]

# Francois-Jean du Preez (b4) c. 1677 – < 1720

## Oriëntasie

Francois en sy vrou, Marie Cordier, is die direkte voorsate van Roelf du Preez waarvan die minste bekend is. Terwyl daar baie min oor Francois bekend is, is daar nog minder oor sy vrou bekend. Marie beweeg deur die geskiedenis soos 'n skim waarvan net die naam bekend is.

Francois is gebore omstreeks 1677 in die destydse Frankryk en hedendaagse België en was hoogstens 43 jaar oud toe hy voor 1720 oorlede is. Hy was 'n boer. In die stamregister van die familie Du Preez, gepubliseer in 2003, vorm sy nasate 41% van die Du Preezs in die register.

Die 28-jarige Francois trou in 1705 met Marie Cordier toe sy nagenoeg 14 jaar oud was. Sy is omstreeks 1691 gebore en is oorlede voor 1720 toe sy hoogstens 29 jaar oud was. Hulle het drie kinders gehad waarvan een vroeg oorlede is.

**Nota:**
Die storie van Francois en Marie en hul gesin is in die volgende hoofstuk. Die bronverwysings is daar aangebring.

## Genealogiese gegewens

b4 **DU PREEZ, Francois-Jean**: *c. 1677; ≈Wes-Vlaandere, Kortrijk (Courtrai), St. Maartenskerk 4.7.1677; †<1720.

x 1705: **CORDIER, Marie**: *c. 1691 (?); †< 1720. Dogter van Louis CORDIER en Francoise MARTINET.

# *Jacquemine du Preez (b5)* c. 1679 – 1715

## Oriëntasie

Jacquemine du Preez is gebore in 1679[165] en was nagenoeg 36 jaar oud toe sy in 1715 oorlede is.

Die 16-jarige Jacquemine trou in 1695 met die 41-jarige Abraham Vivier. Hy is omstreeks 1654 gebore en is oorlede in 1735 toe hy 59 jaar oud was. Hulle het 10 kinders gehad. Hy was 'n boer.

Jacquemine trou weer op 35-jarige leeftyd met Abraham Bleuset wat toe 37 jaar oud was. Hy is gebore en 1677 en word 58 jaar oud voordat hy oorlede is in 1735. Hulle het geen kinders gehad nie. Abraham Bleuset het in 1724 weer, na Jacquemine se dood, getrou met Isabeau Pochox, weduwee van Jacques Bisseaux, en sy is twee jaar na haar huwelik met Bleuset oorlede. Die huwelik was kinderloos.

## Genealogiese gegewens

b5 **DU PREEZ, Jacquemine**: *Frankryk, Lille c. 1679[166]; †Schoongezicht, Dal Josafat, Paarl 1715[167].

x 1695[168]: **VIVIER, Abraham**: *Normandië, La Prêche[169] c. 1654[170]; ≈20 Junie 1654[171]; †c. 1713[172]. Seun van Abraham VIVIER en Elisabeth LOUVEL[173].

xx Stellenbosch 4 Februarie 1714[174]: **BLEUSET, Abraham**: *Frankryk, Calais c. 1677[175]; †Stellenbosch 1735[176].
[Abraham Bleuset:
xx 1724: **POCHOX/POCHOIX[177], Isabeau**: †c. 1726[178].**]**

## Lewensloop

Jacquemine is gebore te Lille in Frankryk in 1679[179]. Sy word groot in Wes-Vlaandere en trek saam met haar ouers na Vlissingen in Nederland. Vandaar verlaat die gesin Nederland en kom op 5 Junie 1688 in die Kaap aan. Sy was toe nagenoeg 9 jaar oud.

Abraham Vivier was ook een van die Franse Hugenote. Hy is gebore omstreeks 1654 en is gedoop in La Prêche in Normandië op 20 Junie 1654. Abraham het saam met twee van sy jonger broers, Pierre en Jacob, in Nederland aangekom vanaf die dorp Criquetot-l'Esneval in Normandië in Frankryk. Na 'n tydelike verblyf in Zierikzee, Nederland,[180] het hulle vertrek met die *Zuid-Beveland* vanaf Middelburg in Nederland op 22 April 1688 en kom in die Kaap aan op 19 Augustus 1688. Saam met hulle op die skip was, onder andere, David Sénécal (Senekal) en ds. Pierre Simond.

Abraham se twee broers is egter albei ongetroud oorlede. Abraham en Jacquemine is die stamouers van die Vivierse in Suid-Afrika.

Abraham ontvang gereedskap ter waarde van ƒ260 vir sy vestiging in die Kaap. Later onvang hy ƒ105 van die Bataafse Hulpfonds wat beskikbaar gestel is om behoeftige Hugenote te help.[181]


Abraham trou in 1695 met Jacquemine. Indien die datums hierbo almal korrek is, was daar 'n ouderdomsverskil van 25 jaar tussen Abraham en Jacquemine.

Abraham en Jacquemine se name kom voor in die monsterrolle vir 1702 en 1712. Op die rolle vir 1713 kom net die naam van Jacquemine voor en word aangedui dat sy 'n weduwee is[182].


Abraham en Jacquemine het tien[183] kinders gehad, nl.:

- Abraham Vivier wat ongetroud oorlede is toe hy nagenoeg 47 jaar oud was.
- Isabeau Vivier, agtereenvolgens getroud met Nicolas Labat, Matthys Hendrik Eckhoff en Gerrit Arie van Wyk. Daar was ook 'n kind saam met Charl du Plessis.
- Marie Vivier getroud met Hendrik Olivier en daarna met Willem van der Vyver.
- Hercule Vivier wat jonk oorlede is.
- Izaak Vivier wat ongetroud oorlede is.
- Cecile Vivier, getroud met Willem van Kerken.
- Jacob (Jacques) Vivier, getroud met Margaretha Klopper en daarna met Martha Bezuidenhout en die enigste seun met 'n nageslag.
- Pierre (Pieter) Vivier wat vroeg oorlede is[184].
- Martha, getroud met Albertus van Zyl.
- Anna, getroud met Elias Nel.

**Kaart nr. 7: Benaderde ligging van Schoongezicht**




**Kaart nr. 8: Benaderde ligging van Menin**




Die plaas **Schoongezicht** in die Wyk Daljosafat van die Distrik Drakenstein (Paarl) word op 22 September 1694 aan Abraham toegeken. Hy het dit reeds sedert 1690 bewerk. Die plaas was 60 morg groot. Toe Abraham in 1713 oorlede is, het die eienaarskap oorgegaan na Jacquemine en by haar berus vanaf 1713 tot 1715. Na Jacquemine se tweede huwelik met Abraham Bleuset gaan die eienaarskap oor na hom van 1715 tot 1723. In 1723 verkoop Bleuset die plaas aan Francois du Toit.[185]


Mev Juna Malherbe dui aan dat Abraham sr. ook die plaas **Menin** by Tulbagh gehad het[186]. Daar kon nie so 'n plaas in die Land van Waveren opgespoor word nie. Daar is egter 'n Menin, geleë aan die Kompagniesrivier in die Wyk Agter-Groenberg van die Distrik Drakenstein[187]. Dit is op 28 Augustus 1714, na Abraham sr. se dood, toegeken aan sy seun Abraham Vivier. Daar is egter aanduidings dat Abraham jr. se ouers reeds belange by Menin gehad het voordat die plaas in 1714 aan hom oorgedra is. Sonder dat die plaas by die naam genoem word, word na 'n buitepos in Abraham sr. se inventaris na sy dood, verwys. Daar is ook weiregte verleen aan Abraham sr. op 'n plaas wat geleë is aan die Kompagniesrivier vanaf 22 Julie 1709. Dit is sesmaandeliks hernu, met die laaste hernuwing op 25 November 1712[188]. Die naam van die plaas is afgelei van die dorpie Menen in die destydse Frans-Vlaandere, waarvandaan Abraham jr. se moeder, Jacquemine, afkomstig was.[189]

Uit die opgaafrolgegewens blyk dit dat Abraham sr. 'n taamlik beskeie boerdery bedryf het. Die inventaris wat na sy dood opgestel is bevat 'n plaas, 'n opstal op 'n buitepos, 30 beeste, 5 perde, 'n ou wa, 'n ploeg, 'n eg en huisraad. Die waardering van die boedel is ƒ1184 en daar was ƒ442:17:8 skuld.

| Opgaafrolle: Drakenstein Distrik: Abraham Viviers[190] | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Jaar | | 1700 | 1705 | 1712 |
| Gesin | Mans | 1 | 1 | 1 |
| | Vroue | 1 | 1 | 1 |
| | Seuns | 1 | 2 | 3 |
| | Dogters | 1 | 3 | 4 |
| Knegte | | | | |
| Slawe | Manlik | | | |
| | Vroulik | | | |
| Vee | Perde | | 1 | 3 |
| | Beeste | 6 | 12 | 22 |
| | Skape | | | |
| | Varke | | | |
| Rog gewen (mud) | | | | |
| Koring gewen (mud) | | 12 | | 30 |
| Gars gewen (mud) | | | | |
| Wingerdstokke | | 5000 | | |

Die Likwidasie- en Distribusierekening van die boedel is eers voltooi op 15.11.1717[191]. Daar word verwys na die agt oorlewende kinders, nl. Abraham, Elisabeth, Maria, Cecilia, Izaak, Jacob, Marta en Anna. In die rekening word vermeld dat Abraham Bleuset 'n plaas aankoop teen ƒ310 en dat Hercules du Preez ook 'n plaas aankoop teen ƒ1200. Uit die ander gegewens in die boedel lyk dit of die moontlikheid nie uitgesluit kan word dat Abraham meer plase gehad het as wat hierbo aangetoon is nie. Teen die boedel was daar ook 'n eis "... Voor't begraven van Jacob Vivie en Jacomina du pree ...". Dit kom dus voor asof daar uit Abraham se boedel vir Jacquemine se begrafnis betaal is. Die "... Jacob Vivie ..." waarna verwys word, kon moontlik die broer van Abraham gewees het.

Inagnemende die datum van die inventaris van Abraham is hy heelwaarskynlik in 1713 oorlede. Jacquemine het op een dag al drie die Vivier-broers se boedelinventarisse geteken. Mev. Juna Malherbe vermoed dat hulle tydens die pokke-epidemie van 1713 oorlede is.[192] Op 13 Januarie 1714 doop Jacquemine dan ook as weduwee haar dogter Anna[193].


1714.
13e Janry Anna dogter.
Van Jacomijn des Pres, Wed van
Abraham Vivier: getuijgen Jaques
Teron en Marie Jeanne des prez


Uittreksel uit Doopregister van Drakenstein (Paarl)[194]:
"13e Janry Anna dogter van Jacomijn des Pres, Wed van Abraham Vivier: getuijgen Jaques Teron en Marie Jeanne des prez"

Jacquemine trou weer op 14 Februarie 1714 op Stellenbosch met Abraham Bleuset. Hy was oorspronklik van Calais en het die Vivierse se buurplaas, Roggeland, besit[195]. So word Bleuset die eienaar van Schoongezicht in 1715 en dit bly in sy besit totdat hy dit in 1723 verkoop aan Francois du Toit.

Bleuset en Jacomine was nie lank getroud nie, want sy sterf in 1715 toe sy nagenoeg 36 jaar oud was. Sy laat vyf dogters en drie seuns na volgens die bogenoemde Likwidasie- en Distribusierekening. Van die seuns was Abraham jr. reeds op sy eie te Menin. Elizabeth sou in 1717 trou. Jacquemine se suster Marie-Jeanne het na die dogters omgesien.


Abraham Bleuset trou weer in 1724 met Elizabeth Pochox/Pochoix, afkomstig vanaf Parys, wat die weduwee van Jacques Bisseux was. Bleuset is in 1735 oorlede.

Na Jacquemine se dood was daar ‘n voorval met haar dogter Elisabeth wat in die dokumente aangeteken is. Die storie word hier vertel omdat dit, saam met baie ander dinge, iets weergee van die ongenaakbare tyd waarin hulle geleef het. In die diagram hieronder word die verband tussen die betrokkenes uiteengesit.




Elisabeth Vivier het, terwyl sy by die Therons gewoon het en ongetroud was, ‘n baba verwag. Toe sy in kraam was het Jacques Theron haar gevra wie die pa is. Sy het toe vertel dat haar niggie Cecilia van Marseveen se man, Charl Prieur du Plessis, haar verlei het toe sy sestien jaar oud was en haar met “... biddende en vleijende woorde ...” omgepraat het.

Twee jaar daarna, toe Cecilia van Marseveen in kraam was, het Elisabeth Vivier na die kelder gegaan om wyn te tap toe Du Plessis haar gevolg het en weer met haar omgang gehad het.[196] Die gevolg is in die Doopregister van Drakenstein (Paarl) aangeteken op 31 Januarie 1717:


Den 31ste Dito Elisabeth, Doghter van Elisabeth Vivier en Charel Prieur du plessis, die een getrouwt man is, en uyt dien hoofde een kind van hoerery en overspel.

**In hooftrekke: Elisabeth, die dogter van Elisabeth Vivier en Charl du Plessis, wat ‘n getroude man is, en uit hoofde daarvan ‘n kind van hoerery en owerspel.**

Die gevolgtrekking waartoe Karel Schoeman oor die geval raak is: ”Mens kry in hierdie geval nie die indruk van besondere ontsteltenis, skok of skandaal nie, en Elisabeth Vivier is ses maande later getroud met ‘n mede-vlugteling, wat binne ‘n halfjaar gesterf het, waarna sy nog twee keer in die huwelik sou tree.”[197]

# Philippe du Preez (b6) 1681 – 1721

## Oriëntasie

Philippe is gebore in 1681[198] en was 40 jaar oud toe hy in 1721 oorlede is. Hy was 'n boer.

Die 17-jarige Philippe trou in 1698 met die 14-jarige Elisabeth Prevot. Sy is gebore in 1683 en is oorlede in 1750 toe sy 66 jaar oud was. Hulle het 12 kinders gehad, waarvan een gestremd was en drie jonk oorlede is.

Elisabeth trou weer op 39-jarige leeftyd met Christian Gobrechts wat toe 37 jaar oud was. Hy is gebore in 1686 en word 45 jaar oud voordat hy oorlede is in 1731. Hulle het geen kinders gehad nie. Elisabeth skei van Gobrechts in 1728.

## Genealogiese gegewens

b6 **DU PREEZ, Philippe:** *Frankryk, Artois, Kortrijk (Courtrai) 1681[199]; †Tulbagh, De Hoop 21.5.1721[200].


x Drakenstein (Paarl) 1698[201]: **PREVOT, Elisabeth (Isabeau)**: *Frankryk, Marcq naby Calais, Les Attaques 31.10.1683[202]; †Tulbagh 18.1.1750[203]. Dogter van Charles PREVOT en Marie LE FEBRE (FEVRE).
**[**Elisabeth Prevot:
xx 1723[204]: **GOBRECHTS, Christian**: *Duitsland, Sakse, Maagdeburg 1686[205]; †c. 1731[206].
Elisabeth Prevot ÷ 1728[207]. Hy was voorheen getroud met Sara GOUS.**]**

## Lewensloop

Philippe is gebore in Kortrijk (Courtrai) van die Provinsie Artois in die destydse Frankryk in 1681[208]. Hy trek saam met sy ouers vanaf Wes-Vlaandere na Vlissingen in Nederland. Vandaar verlaat die gesin Nederland en kom op 5 Junie 1688 in die Kaap aan. Volgens hierdie gegewens was hy toe nagenoeg 7 jaar oud.

Hy trou in 1698 met Elisabeth Prevot. Sy is gebore te Les Attaques, Marcq naby Calais, Frankryk op 31 Oktober 1683. Sy was die dogter van Charles Prevot en Marie Le Febre (Fevre). Hulle het saam met die Du Preezs vanaf Nederland met *De Schelde* gereis en ook op 5 Junie 1688 in die Kaap aan wal gegaan. Charles was nie eens twee maande aan die Kaap toe hy sterf nie. Sy weduwee, Marie le Febre, het met Philippe se broer, Hercules, getrou.

Philippe en Elisabeth was ongeletterd, maar soos van die handtekeninge hieronder gesien kan word, kon Elisabeth op 'n manier haar naam skryf. "Wanneer hy (Philippe) 'n kontrak moes teken, het hy altyd gesorg dat sy broer Hercules by was om die leeswerk te doen".[209]



Merk van Philippe en handtekening van Elizabeth

Philippe is op 14 Augustus 1706 aangestel as Vaandrig en was ook bevelvoerder van die Drakensteinse burgermag. Sy en Elizabeth se name kom voor in die monsterrolle vir 1702, 1712 en 1713[210].

Philippe onderteken die teenpetisie ten gunste van Goewerneur W A van der Stel wat Van der Stel laat opstel ter verdediging van hom teen die klagtes van 'n aantal Vryburgers.[211]

In die Land van Waveren was Philippe ook van tyd tot tyd betrokke in strafekspedisies. Toe Jan Harmensz Potgieter, byvoorbeeld, rapporteer dat 33 van sy beeste gesteel is, het 'n groep van twaalf, wat Philippe ingesluit het, die diewe vir ses dae agtervolg. Toe die diewe ingehaal is, het daar 'n geveg plaasgevind en vier

Khoi-Khoi (Hottentotte) is doodgeskiet.[212] Philippe en sy buurman, Theunis Botha, was dikwels betrokke by strafekspedisies.[213]


Philippe was ook in 'n paar insidente betrokke[214]:

- Hy en Matthys (Matheus?) de Maker kom ooreen dat De Maker vir hom 'n meulsteen sal maak. Hulle beraam dat dit ses weke sal duur om die steen te maak. Na slegs 'n week oorhandig De Maker die meulsteen aan Philippe. Philippe besluit om De Maker nie die volle maakloon van ƒ40 te betaal nie, maar slegs ƒ2 per dag vir die dae werklik gewerk. De Maker dagvaar Philippe en hy moes die volle ƒ40 betaal.
- In 1705 was Philippe in 'n saak oor water betrokke teen Charles en Claude Marais wat plase naas sy plaas Klipvallei gehad het en waardeur die water van die Spruitrivier geloop het voordat dit Klipvallei bereik het. Die Marais's het 'n dubbele dam gebou in die rivier. Philippe het een van die damme afgebreek sodat hy meer water kon kry. Die Landdros en Heemrade het die saak ondersoek en het 'n besluit geneem om die saak op te los. Hulle het bevind dat beide partye skuldig was en die koste moes deel.

Philippe en Elisabeth het twaalf kinders gehad:

- Marie, getroud met Hendrik van Dyk.
- Hercules wat jonk oorlede is.
- Marthe, getroud met haar neef Hercules du Preez – kyk Hoofstuk 6.
- Philippe, getroud met Isabella Potgieter.
- David wat jonk oorlede is.
- Jacobus, getroud met Maria Susanna Theron.
- Cecilia, getroud met Jan Cornelis Olivier.
- Elizabeth wat gestremd was.
- Charl wat jonk oorlede is.
- Hester, getroud met Hermanus Keeve.
- Hercules, getroud met Johanna de Maker.
- David wat ongetroud was.

**Kaart nr. 9: Benaderde ligging van Klipvallei**




Mnr. Thys du Preez meld dat hy nie 'n geboortedatum of doop vir die gestremde dogter Elisabeth kon opspoor nie[215]. In Philippe en Elisabeth se testament van 9 Desember 1718 word daar spesifiek voorsiening gemaak vir Elisabeth deur 'n erfporsie van ƒ1000 meer as vir die ander kinders. Op 30 Desember 1749 het Elisabeth Prevot, 18 dae voor haar dood, weer in 'n testament spesiale voorsiening vir haar dogter Elisabeth gemaak. Sy laat Elisabeth in die sorg van Elizabeth se suster, Cecilia. Benewens die slavin wat Elizabeth sou erf, word nog 'n slavin aan haar dogter Cecilia toegewys om Elisabeth te versorg[216]. Elisabeth jr. se boedel is afgesluit op 10 Julie 1780[217] en dit is dus heel waarskynlik dat sy die Elisabeth is wat op 21 September 1779 oorlede is.

Philippe en Elisabeth maak ook voorsiening vir die opvoeding van hulle kinders. Op 9 April 1716 sluit Philippe 'n kontrak met Gerrit Bastiaansz Langenhoven om hom as kneg te dien as skoolmeester met vergoeding van ƒ12 (Indiese valuasie), kos en drank en goeie huisvesting. Die kontrak word jaarliks verleng tot 1720. 'n Verdere kontrak is met Langenhoven gesluit op 4 April 1722 in opdrag van die "... landbouwer Philip dupree ..." en dit is jaarliks hernu tot 1728. (Die tweede kontrak is gesluit na die dood van Philippe sr. en dit is moontlik dat sy seun Philippe jr. die opdraggewer was.)[218]

Philippe het op vendusies 'n groot aantal aankope gedoen om die plaas en huishouding toe te rus:

- Op 'n vendusie op 29 en 30 November 1709 het hy uit die boedel van 'n onbekende persoon "... 2 vierkante kisjes, 1 groote ledige kist, 3 kapstocken, 1 groote waterpot met een lepel etc, 1 legger met wijn, 1 stel potjes, 4 potjes, 1 ijsere pot, 1 cast met eenige rommeling, 2 rackjes ..." aangekoop.[219]
- Op die vendusie vir die boedel van Isabella Frederiksz op 10 Desember 1712 koop hy 'n koevoet, 7 koeie en 8 kalwers.[220]
- Uit die boedel van Jan Coetzee het Philippe op die vendusie van 27 en 28 Oktober 1712 'n groot hoeveelheid goedere aangekoop wat, onder andere, bestaan het uit meubels, eetgerei, kombuisgereedskap, gereedskap, 185 skape en 4 osse. Hy koop ook een "... slave jonge ...".[221]

Philippe het ook sy inkomste aangevul. In 1699/1700 was hy een van die karweiers wat betrokke was by die bou van die Drakensteinse Meul[222]. Vanaf 1706 was hy deur Goewerneur W A van der Stel aangestel as

